# SONDAGSKOOL LES: 9. My identitiet in Christus

**Doel van les:**

- Ons leer meer oor Wie ons is in Christus.

Ons het mos in ons heel eerste les begin praat oor Wie is ek en ons identiteit gepraat. Ons het 'n prentjie geteken met die titel Wie is ek. Ons het ook met klei iets uitgebeeld oor hoe ek dink God my sien. Na alles wat ons verlede kwartaal geleer het, gaan ek julle nou weer 'n kans gee om iets te teken.

**Ysbreker: Bome:**

**OPDRAG:**

- ons gaan onsself vandag as 'n boom voorstel
- as iemand na jou boom / na jou kyk – wie of wat sien hulle?
- die vraag wat jou boom moet beantwoord is WIE IS EK?

KOM ONS GESELS GOU OOR DIE GOED WAT MENS IN EN OM BOME KRY:

- 'n Boom het 'n bas, takke, blare, wortels, blomme, vrugte, dorings
- In 'n boom kan daar voëlnessies met voëltjies wees, of 'n plek waar eetkorinkies bly, plastiek sak wat in / vasgewaai het
- Rondom 'n boom kan gras wees, 'n rivier, blomme, ander bome, 'n huis, of 'n oerwoud, wolke, die son, die maan, sterre, voëls in die lug, rommel, ketting, alkohol bottels, ens.
- Jy kan in en om jou boom teken net wat jy wil, want dit is jou boom / stel voor wie JY is
- Soos jy teken, dink wat elkeen van hierdie goed vir jou voorstel, want alles wat jy teken moet betekenis hê en iets van jou of jou lewe sê KOM ONS KRY 'N PAAR IDEES:
- mooi, lelik, lank, kort, maer, vet, gewild, ongewild, baie vriende, min/geen vriende, geduldig, ongeduldig, talentvol, goed in of met…., dom, slim, goeie vriend, eerlik, lojaal, liefdevol, vol woede, vol vrede, skinder graag, vloek, selfsugtig, drankmisbruik, baie gemors in my lewe
- Kom ons wees vandag eerlik, anders is hierdie oefening 'n mors van tyd

Wanneer die kinders in jou groep klaar geteken het, kyk na almal se bome en kry terugvoer oor wat hulle geteken het. - Die leiers moet asb ook 'n boom teken en ook vir die kinders terugvoer gee om hulle te motiveer om deel te neem

MY IDENTITEIT: - Wat jy van jouself dink is BAIE belangrik, want wat jy van jouself dink, of oor jouself dink gaan bepaal hoe jy leef en watter besluite jy gaan maak en neem!

SPEEL VIDEO CLIP: My identity in Christ
So vandag moet ons vir mekaar sê dat wat ek van myself dink, of oor myself dink is anders as wat God oor en van my dink - En as ek my hart vir Jesus gegee het, is dit verskriklik belangrik om te weet en te verstaan, want dit gaan bepaal hoe jy leef en watter besluite jy gaan neem en maak! -

Voordat die Heilige Gees jou begin help met jou geestelike 'makeover' is DIT wat God al van jou dink, want jy is nou SY kind, SY bloed, Jesus se bloed vloei nou in jou are en nie meer die wêreld s'n nie!

WIE IS EK IN CHRISTUS: - Kom ons kyk wie sê die Bybel is ek in Christus – wanneer ek tot bekering gekom het: (Groepleiers lees die volgende verse saam met hulle kinders en besluit wat die eienskap of identiteit is wat ek kry wanneer ek tot bekering kom. Julle gaan 'n aparte blaai kry met net die teksverse op, sodat die kinders kan saamlees, hou hierdie een eenkant, dis vir jou bedoel tydens jou voorbereiding – as jy nog eienskappe in die teks hieronder raaklees dan deel jy dit ook met die kinders asb)

- Ps 139:13 "U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder"
  (God het my self gemaak, ek is NIE 'n glips nie, - ek is uniek soos God my wou gehad het!)
- Jerm 31:3 "Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra"
  (God het jou lief!)
- Jerm 29:11 "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting
  (God het jou met 'n doel gemaak - God het 'n plan vir jou lewe - Jy is nie 'sommer maar' hier nie!)
- 1 Kor 6:20 "Julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik"
  (Jy is kosbaar, - Jy is baie werd, want God het met Sy Seun se bloed vir JOU betaal!)
- 1 Pet 2:9 "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God"
  (Jy is baie belangrik - God het jou uitgekies - God het jou afgesonder vir Hom as Sy eiendom – jy BEHOORT aan God!)
- Ps 103:12 "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af"
  (God het al jou sondes vergewe asof jy nooit sonde gedoen het nie!)
- 2 Kor 5:17 "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.
  (Jy is 'n nuwe mens - Jy het 'n kans om oor te begin, asof die ou dinge nooit gebeur het nie God wil 'n 'makeover' in jou lewe kom doen! - Die ou dinge maak nie meer vir God saak nie!)
- Jes 43:1: "Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne"
  (God het jou gered uit die vyand – die duiwel se kloue - God ken jou naam – dis hoe belangrik jy vir Hom is - God noem jou Syne – so jy is Sy kind – en Hy is jou Pa!)

**NUWE SKEPPING - MAKEOVER** - Julle gaan nou die boom aktiwiteit herhaal, julle gaan nou 'n nuwe boom teken, en of jy al jou hart vir Jesus gegee het of nie maak nie vandag saak nie, want as jy nog nie jou hart vir Jesus gegee het nie, en jy sien wie jy IN Hom kan wees, mag dit jou dalk oorreed om JOU hart vir Jesus te gee. - So kyk na die teksverse wat ons gegee het, en wie jy IN Jesus is, en teken vir jou 'n nuwe boom (as jy jou hart gegee het) of 'n 2de boom van wat jy KAN wees, as jy nog nie jou hart vir Jesus gegee het nie.

Sluit af met gebed in groepe.

- Ps 139:13 “U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder”
- Jerm 31:3 “Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra”

- Jerm 29:11 "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting

- 1 Kor 6:20 "Julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik"

- 1 Pet 2:9 "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God"

- Ps 103:12 "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af"

- 2 Kor 5:17 "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

- Jes 43:1: "Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne"